

## 'n Historiese blik op bewaring

Fransjohan Pretorius  
Universiteit van Pretoria

### The historian's view on conservation

*By citing some examples from Afrikaner history the author supports several viewpoints that were raised at a conference at the Rand Afrikaans University (University of Johannesburg) in June 2002, held by the South African Historical Association in cooperation with the University of Fort Hare on the theme "Heritage creation and research: The restructuring of historical studies in southern Africa".*

*At the conference Patrick Ngulube emphasised the importance for historians to remain valuable clients of archives, because historical knowledge depends on documentary evidence. Denver Webb was quoted as saying that heritage institutions (which for our purposes may include NALN) are "dynamic and accountable public institutions which both shape and manifest consciousness, identities and understanding of communities and individuals in relation to their natural, historical and cultural environments, through collection, documentation, conservation, research and educational programmes that are responsive to the needs of society". The author is in agreement with G. Ritchie who believes that it is the specific responsibility of South Africa's heritage institutions to develop collections, to preserve them and to make them accessible. In the case of NALN the staff should have a thorough knowledge and understanding of Afrikaans literature.*

Ek wil graag met 'n eenvoudige beeld begin wat baie van u waarskynlik ken. Dis 'n apokriewe verhaaltjie wat hom meer as 50 jaar gelede op die hoofpad tussen Johannesburg en Bloemfontein sou afgespeel het. Daar was nog nie 'n snelweg nie, net 'n smal ou teerpad. 'n Ywerige jongman het die lang pad per fiets aangedurf. Net buite Kroonstad vind hy egter dat die pad voor hom vurk. Die probleem was egter dat die padpredikant (of padteken) uitgeruk was, en daar eenkant gelê het. Moet hy nou links of regs na Bloemfontein? Ná 'n bietjie kopkrap was sy oplossing om die padteken weer staan te maak sodat die een rigtingwyser na Johannesburg wys – die pad waarvandaan hy gekom het. Sodoende kon hy rekonstrueer watter pad hy moet neem.

In hierdie insident is daar vir ons 'n belangrike les: As ons nie weet waar ons vandaan kom nie, sal ons nie die pad vorentoe kan bepaal nie. Met ander woorde, aangepas vir my bydrae: Sonder bewaring is ons rigtingloos.

'n Tweede beeld wat ek graag gebruik, is dié van die Belgiese historikus

Henri Pirenne. Goeie geskiedskrywing, het hy gesê, staan op twee pilare – deeglike navorsing en 'n goeie verbeelding.<sup>1</sup> As daar dus nie bewaring van dokumente is nie, gaan ons nie goeie navorsing kan doen nie, en gaan ons goeie verbeelding ons niks help om die verlede meer getrou te rekonstrueer en te verstaan nie.

In Junie 2002 het die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap, in samewerking met die Universiteit van Fort Hare, 'n konferensie by die Randse Afrikaanse Universiteit (tans die Universiteit van Johannesburg) aangebied oor die tema "Erfenis skepping en navorsing: Die herstrukturering van historiese studies in Suidelike Afrika". Vir my bydrae het dit uiteraard belangrike insigte verskaf, waarvan ek dankbaar gebruik gemaak het.

Ek vereenselwig my graag met die uitspraak wat Patrick Ngulube van die Universiteit van KwaZulu-Natal by die konferensie gemaak het. Ngulube het 'n meestersgraad in Inligtingkunde van die Universiteit van Addis Abeba, en hy was veertien jaar lank werksaam in die Nasionale Argief van Zimbabwe. In Ngulube (2002:563) se referaat, "Future of the past: Access to public archives in southern Africa and challenges to historical research", doen hy 'n beroep op historici om meer betrokke te raak by die werksaamhede van argiewe ter wille van die bewaring, ontsluiting en toegang tot dokumentêre gegewens. Hy verklaar: "It is important [...] that [...] historians and their students remain valuable clients of archives, for one major reason. Historical knowledge depends on documentary evidence."

Nou waar kom hierdie gebruik van argiewe, en vir hierdie gesprek, 'n instelling soos NALN, vandaan? Voor die einde van die 18de eeu is toegang tot argiewe streng beheer en beperk. Dit was uitsluitlik toeganklik vir navorsers wat amptelik aangestel is om oor historiese gebeure te skryf van die skeppers van daardie argiewe. Dit was veral handig by regs kwessies. Die filosowe van die Verligting in die laat 18de eeu met hul kritiese inslag en uiteindelik die Franse Revolusie het egter oor 'n lang tydperk daarvoor gesorg dat openbare argiewe vir navorsers toeganklik gemaak word. 'n Filosoof soos Jean-Jacques Rousseau het beklemtoon dat mense die reg het om diegene wat hulle regeer, te kontroleer. Voltaire het beklemtoon dat mense kritiek mag uitspreek, en dus die reg tot kennis het. Hulle het geglo dat goeie regering en verantwoordbaarheid in groot mate afhang van die inligting wat in die openbare argiewe beskikbaar is. Die gevolg was die eerste argiefwet, naamlik die Deklarasie van Argiefregte, op 25 Junie 1794, dit wil sê in die radikale fase van die Franse Revolusie, waarvolgens burgers (let op: burgers en nie meer onderdane nie) vrye toegang tot openbare argiewe sou hê. Vir die eerste keer in die geskiedenis is die staat se verantwoordelikheid om vir die dokumente van die verlede te sorg, formeel erken. Dit verklaar waarom die meeste regerings openbare argiewe as instrumente beskou om regeringsdoeltreffendheid te verbeter

1 Daarom dat Pirenne (1939:21) met die skryf van sy geskiedenis van Europa in Duitse aanhouding in 1917 (gedurende die Eerste Wêreldoorlog) sy spyt uitspreek dat hy alleen is met sy gedagtes, sonder dokumente.

en terselfdertyd die nasionale herinneringe en kulturele erfenis te bewaar. Geen wonder nie, verklaar Ngulube, dat Suid-Afrika se Nasionale Argiefwet, No. 43 van 1996, voorsiening maak vir behoorlike bestuur, bewaring en benutting van dokumente van regeringsinstellings. Toegang tot inligting is nie meer beperk tot enkele navorsers nie, maar het 'n demokratiese reg vir alle burgers geword (kyk Ngulube, 2002:566–568).

Die woord "dokument" is afkomstig van die Latynse woord *documentum*, wat "bewys" beteken. Aan die einde van die 19de eeu het twee Franse historici, C.V. Langlois en C. Seignobos (1925:17), 'n rigtinggewende uitspraak oor navorsing gemaak. Vertaal in Afrikaans het dit gelui: "Daar is geen plaasvervanger vir dokumente nie. Geen dokumente, geen geskiedenis nie." Met ander woorde, as daar nie dokumente oor 'n gebeurtenis of tydperk in die verlede bestaan nie, kan die geskiedenis daarvan nie geskryf word nie. Dit sê amper: As daar nie dokumente daarvoor bestaan nie, hét dit nie 'n geskiedenis nie.

In 'n sekere sin geld Langlois en Seignobos se uitspraak nog – "geen dokumente, geen geskiedenis nie". Ngulube haal Greg Bradsher, die direkteur van die sogenaamde Holocaust Era Assets Records Project vir die Amerikaanse regering, aan. Bradsher se oogmerk was om toegang te verkry tot die post-1922-era in die Vatikaan in Rome. Daarom was Bradsher se standpunt: "You can't have history without the records of the past, and those records are in the archives. Unless you can get to that history, you can't really find out what justice needs to be done." Bradsher (aangehaal in Ngulube, 2002:563) het voortgegaan: "It is evident that the ability of humankind to reconstruct most historical events largely depends on access to primary sources like archives."

Ek wil vir u 'n belangrike voorbeeld gee: Egipte. Egipte het 'n lang tydperk van hoë beskawing ervaar, van minstens 3000 voor Christus tot omstreeks 1100 voor Christus. Daarna het die Egiptiese beskawing gestagneer en stadig aan agteruitgegaan, totdat dit teen 300 voor Christus in die Griekse wêreld opgeneem is en in die eerste eeu voor Christus deel van die Romeinse wêreld geword het. Daarna het dit 'n al hoe kleiner rol in die Westerse beskawingsgeskiedenis gespeel – soveel so dat die kennis van sy glorietydperke verlore gegaan het. Geleerdes het verlear om die Egiptiese hiërogliewe te lees, en sodoende het die Egiptiese geskiedenis letterlik 'n geslote boek geword. Dit was eers in die naweë van die Verligting van die 18de eeu, die ontdekking van die Rosettasteen in 1799 en die gevolglike ontsyfering van hiërogliewe in 1822 dat die geskiedenis van Egipte opnuut ontdek kon word. Argeoloë en historici kon inspring en die geskiedenis van Egipte weer rekonstrueer, letterlik dokument vir dokument, soos dit in papyrusrolle en teen tempelmure en in graf-tombes openbaar geword het. 'n Kennisontploffing oor die Egiptiese geskiedenis het sedertdien plaasgevind. U is bekend met Howard Carter se ontdekking van Toetankamen se graftombe in 1922 en die vloed van kennis wat sedert-

dien in die Vallei van die Konings ontgin is. Wel, toe ek in 1967 'n eerstejaarstudent was, was een van ons belangrike aanbevole boeke die werk *Ancient times: A history of the early world* van James H. Breasted. Dit het vir die eerste keer in 1916 verskyn, ses jaar voor die ontdekking van Toetankamen se graftombe. U kan uself indink hoe onvolledig daardie werk steeds teen 1967 was! Die beeld wat argeoloë en historici in 1967 van die Egiptiese geskiedenis gehad het, is skraler en totaal anders as die beeld daarvan vandag. Sonder die ontsyfering van die Rosettasteen se hiërogliewe sou ons maar nie veel meer van die Egiptiese geskiedenis geweet het as van Stonehenge in Engeland nie.

Maar terug na Langlois en Seignobos se opmerking: "Geen dokumente, geen geskiedenis nie." Sedert die sestigerjare van die 20ste eeu word dit as 'n onvolledige opmerking beskou. Soos wat daar ná die Tweede Wêreldoorlog "ontdek" is dat voorkoloniale Afrika ook 'n geskiedenis het, wel sonder skrif, het die waarde van mondelinge oorlewering sterk na vore gekom. Dit was veral deur die toedoen van 'n nuwe spesie: die sosiale antropoloog. En so kon daar, saam met die argeologie, die geskiedenis van die samelewings van Afrika voor die koms van die wit man gerekonstrueer word.

Die Afrikaner was toenemend minder ingestel op mondelinge oorlewering. By hom het die mondelinge oorlewering vroeg in die 19de eeu 'n skriftelike oorlewering geword. Neem byvoorbeeld die bekende lotgevalle van Piet en sy seun Dirkie Uys, wat in April 1838 saam met 'n twaalfstal ander Voortrekkers deur Dingane se impi's by Italeni in 'n hinderlaag gelok is. Hoe dink u het Dirkie en Piet se einde en Dirkie se heldemoed die Afrikaner se geskiedenisboeke gehaal? Uit die duim gesuig? Nee, die laaste man wat daarin geslaag het om te ontkom, was toevallig 'n voorsaak van my – Jan Meyer. Hy (in *De Wet*, 1959:81 en 85) het uitgekóm om die verhaal te kon vertel. Wel, ek hoop hy het dit nie uit sy duim gesuig nie! En reeds nege jaar later, in 1847, het dit al ietwat kripties in druk verskyn met die publikasie van U.G. Louts (1847:53) se geskiedenis van die Afrikaner, getiteld *De Kaapsche landverhuizers of Neerlands afstammeling in Zuid-Afrika*. In 1877 het dit meer vastrapplek gekry in die eerste geskiedenisboek in Afrikaans deur S.J. du Toit (1877:162), naamlik *Die geskiedenis van ons land in die taal van ons volk*.

Mondelinge oorlewering bestaan dus wel in die geskiedenis van die Afrikaner, maar soos wat die Afrikaner in die loop van die 19de eeu geletterd geraak het, en in die 20ste eeu verstedelik het, het mondelinge oorlewering in die sand geloop. Kan u voorbeelde gee van mondelinge oorlewering van gebeure twee geslagte gelede wat histories nuttig en nuut is? Dalk het u by u moeder gehoor, wat weer van haar moeder gehoor het, hoe sy en haar susters saam met haar ouma-hulle gedurende die Anglo-Boereoorlog in die Oos-Vrystaatse grotte weggekruip het om die konsentrasiekampe vry te spring? Maar dis geen nuwe inligting nie; dit bevestig net wat ons reeds weet. Of dalk kan

u moeder u vertel van haar moeder-hulle se beproewing in die konsentrasiekampe? Is die inligting regtig nuut vir die historikus? Ek twyfel. Ons is nie meer 'n bevolkingsgroep wat op mondelinge oorlewering steun nie. Wat nog van gebeure drie geslagte terug, of met die vestiging van u voorsate aan die Kaap in die 17de eeu?

By die genoemde konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap in samewerking met die Universiteit van Fort Hare in Junie 2002 is daar by uitstek gewys op die verwantskap tussen geskiedenis as dissipline en historiese bewussyn, soos wat dit gestalte vind in die optrede van mense, die oprigting van monumente, en bewaringspraktyke. Daaruit het die belangrike rol van bewaringsinstellings soos argiewe en biblioteke (en by implikasie dus ook NALN) duidelik geblyk. Gabrielle Ritchie (2002:512) van die Nasionale Biblioteek in Kaapstad het Denver Webb oor hierdie rol aangehaal: Volgens Webb is bewaringsinstellings "dynamic and accountable public institutions which both shape and manifest consciousness, identities and understanding of communities and individuals in relation to their natural, historical and cultural environments, through collection, documentation, conservation, research and educational programmes that are responsive to the needs of society." L. Dempsey (aangehaal deur Ritchie, 2002:513) het dit so gestel: "Collections contain the memory of peoples, communities, institutions and individuals, the scientific and cultural heritage, and the products [...] of our imagination, craft and learning. They join us to our ancestors and are our legacy to future generations."

Soos die Nasionale Biblioteek kan NALN beskou word as 'n onderdeel van UNESCO se bewaringsnetwerk, as deel van UNESCO se Memory of the World-program wat in 1992 geloods is met die spesifieke doel om die wêreld se dokumentêre erfenis deur bewaring en toeganklikheid te beskerm. Die afsonderlike en gekombineerde rykdom van die versamelings by NALN verteenwoordig 'n ryk bron waaruit nuwe geskiedenis gebou en nuwe verhale geskryf kan word.

Bewaring bevat vir die historikus drie kern-diensareas, naamlik versamelings (dit wil sê wat versamel word), bewaring (dit wil sê om te verseker dat dit behoorlik vir die nageslag bewaar word) en toeganklikheid (dit wil sê hoe en aan wie die versamelings beskikbaar gestel word). Ritchie (2002:511) stel dit trouens duidelik wanneer sy verklaar: "It is the specific responsibility of South Africa's heritage institutions to develop collections, to preserve such collections and to make these collections accessible."

Vroeg in my akademiese loopbaan het ek met verwondering kennis geneem van die genot wat oorspronklike manuskripte kan bring. Dit was met my eerste besoek aan die British Museum in Londen in Januarie 1972. Om presies te wees – ek het in my toerdagboek gaan naslaan – 31 Januarie 1972.

Behalwe die Rosettasteen, wat op permanente basis daar uitgestal word, was daar in tydelike bruikleen 'n aantal oorspronklike manuskripte van die Britse Manuskripversameling. Een daarvan was die *Magna Carta* van 1215, wat koning John met die Engelse baronne onderteken het, wat beskou kan word as die beginpunt van die Britse parlement en die beginsel van geen aanhouding sonder verhoor – een van drie oorspronklike kopieë; ook die herinneringe van Edward Gibbon, oopgemaak op die bladsy waar hy skryf: "It was at Rome, on the 15th of October, 1764, as I sat musing amid the ruins of the Capitol, while the bare-footed fryars were singing vespers in the Temple of Jupiter, that the idea of writing the decline and fall of the city first started to my mind." Die belangrikheid van Gibbon se *Decline and fall of the Roman empire* (1776–1788) kan skaars oorbeklemtoon word.

Ons moet met waardering kennis neem van J. van der Vyver (aangehaal in Ritchie, 2002:527–528) se referaat by 'n kongres van die Instituut van Geregtigheid en Versoening aan die Universiteit van Wes-Kaap in Bellville in 2001. Die titel van sy referaat was "Cultural identity as a constitutional right in South Africa". Hierin maak hy spesifiek gewag van die reg op kulturele selfbeskikking binne geïdentifiseerde gemeenskappe, wat 'n konstitusionele reg is. Die opeis van die Afrikaner se reg om sy kulturele erfenis uit te leef en te bewaar, moet asseblief nie verwar word met enige strewe om apartheid voort te sit nie. Dit is nie dieselfde strewe nie. Dit is 'n natuurlike behoefte in 'n multikulturele samelewing.

By die bogenoemde RAU-konferensie oor erfenisskepping en navorsing het Seán Morrow (2002:446–456), van die Education Policy Research Programme van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 'n pleidooi gelewer dat die Universiteit van Fort Hare in Transkei vanweë sy uitgebreide versamelings geskik is om 'n simbool te wees van die prestasies van swart mense. Hierdie versamelings behels 'n groot galery van Suid-Afrikaanse skone kunste deur swart kunstenaars, 'n museum met 'n unieke versameling hoofsaaklik Suid-Afrikaanse kralewerk, met grasartikels, weefwerk, metaalwerk, die dokumente wat Fort Hare se geskiedenis weerspieël, die dokumente van 'n aantal belangrike Suid-Afrikaanse letterkundige en politieke figure soos A.P. Jordan en Lionel Forman, en die merkwaardige argiewe van vooraanstaande bevrydingsbewegings soos die ANC, die PAC en AZAPO.

As Fort Hare dit vir swart erfenis kan wees – mág wees – kan en mág NALN mos dit vir Afrikaans wees? Veral as ek die missie lees van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DACST) in 2000, toe daar nog één departement vir kuns en wetenskap was, en dit sê: "To realise the full potential of arts, culture, science and technology in social and economic development, in nurturing creativity and innovation, and promoting the diverse heritage of our nation."

Die studie van die Afrikanergeskiedenis en Afrikaanse letterkunde lyk in die nuwe Suid-Afrika op die oog af oudmodies, uitgedien, en veral polities niekorrek. Maar dit hoef nie te wees nie! Dit kan ook vir die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap verklarings vir die Afrikaner se handel en denke bied. As die historikus met behulp van die bestaande dokumente die Afrikaner se optrede of psige probeer bepaal, is dit nie om dit te vergoelik nie, maar om dit te probeer verklaar. Ek wil die voorbeeld van Gustav S. Preller noem. Teen die einde van die Anglo-Boereoorlog, in Januarie 1902, is Preller krygsgevangeneem. Sy aangrypende oorlogsdagboek, wat ek tans met die oog op publikasie annoteer, vertel van sy bitterheid oor die Britse verskroeidearbeid en die lyding van Boerevroue en -kinders in die veld en in die konsentrasiekampe. Hierdie emosionele ervarings verklaar sy Afrikanernasionalisme ná die Anglo-Boereoorlog, en sy subjektiewe geskiedskrywing oor Piet Retief, Andries Pretorius, Jack Hindon en Daniël Erasmus. N.P. van Wyk Louw se *Lojale verset* en ander werke kan net nie-Afrikaanssprekendes se moontlike vooropgestelde idees oor die Afrikaner verwar. Die bewaring van sodanige werke en dokumente daarvoor is noodsaaklik.

Ons moet ook saam met die Nederlander F.F.J. Schouten (aangehaal deur Verhoef, 2002:391) besef dat die historiese realiteit nie staties is nie, maar dinamies. Dit wil sê: wat vandag vir ons belangrik is, kan oormôre minder belangrik wees, of van geen belang nie. Waar Afrikaans twintig jaar gelede eksklusief was of probeer hou is, het die pleidooi vir inklusiwiteit mettertyd sterker geword. Waar die Afrikanerhistorikus veertig jaar gelede die Kompanjiestydperk vanuit die perspektief van die blanke kolonis bekyk het, is 'n onderwerp soos slawerny en die lot van die slawe vandag aan die orde. Onderwerpe binne gewilde temas het verander. So het ek my sedert die tagtigerjare van die vorige eeu (!) in die lewe op kommando tydens die Anglo-Boereoorlog verdiep. Hiermee het ek nie meer gekyk na die veldslag en die held nie, maar die ervaring van die gewone burger. En die wonderlike is dat ons dikwels nog dieselfde dokument as vantevore gebruik – ons lees dit net anders. Aspekte wat ons tevore misgekyk het, word skielik belangrik in dieselfde dokument wat 'n veldslag beskryf. Vantevore sou ons ons vasstaar teen Deneys Reitz se beskrywing van sy gevegte. Vroeër sou ons konsentreer op sy vertelling van die aanval op Ladysmith op 9 November 1899 en 6 Januarie 1900. Ons sou die wapenfeite daaruit vir ons geskiedskrywing neem. Nou lees ons in dieselfde dokument dat met die aanval op 9 November slegs sowat 50 uit 300 man van die Pretoria-kommando tot die aanval oorgegaan het – die res het in die laer agtergebly. Op 6 Januarie by Platrand was dit darem bykans die helfte (kyk Reitz, 1929:49–50 en 63)! So kom ons tot ontdekkings oor 'n gebrek aan dissipline by die Boeremagte. 'n Minder mooi prentjie, maar 'n akkurate prentjie. Die historiese realiteit is nie staties nie – dit is inderdaad dinamies.

Teen hierdie tyd behoort die noodsaaklikheid van bewaring van ons erfenis nie meer 'n debatspunt te wees nie. Of is dit nog? Hoe dit ook al sy, die konsepresolusie wat al in 1977 vir die Algemene Konferensie van UNESCO deur 'n deskundige konsultasiegroep van UNESCO-lede opgestel is, het die feit onderstreep dat argiewe die basiese bron vir die geskiedenis van die mensdom is en ook die ideale middel om nasionale bewussyn en identiteit te ontwikkel (kyk Gut in Ngulube, 2002:563).

Ek weet nie of NALN in die liggaam ESARBICA verteenwoordig is nie – Executive Board of the East and Southern African Regional Branch of the International Council on Archives. Dit sou nuttig wees. Soos sy moederliggaam, die International Council on Archives, is een van ESARBICA se belangrikste doelwitte: “To promote the more frequent use of archive repositories and effective and impartial study of archival documents by making their contents more widely known and by encouraging greater ease of access to archive repositories” (International Council on Archives in Ngulube, 2002:564).

Uiteindelik sal die bevordering van historiese navorsing en die reg om inligting te wees, grootliks afhang van die toeganklikheid van inligting of dokumente. In die geval van NALN sal argivarisse en personeel 'n deeglike kennis van die Afrikaanse letterkunde moet hê om dit te verwesenlik. Want indien dokumente nie geprosesseer word nie, sal hulle ontoeganklik bly. Dus is nie alleen bewaring nie, maar ook toeganklikheid vir die historikus noodsaaklik.

Gevaarlike brand. Patrick Ngulube wys daarop dat in Suid-Afrika agterstande van ongeproseeserde dokumente sonder selfs die mees basiese vindmiddels in die jaar 2000 soveel as 8 877 lineêre meter beloop het. In Zimbabwe was materiaal wat in die 1980's na die nasionale argief oorgedra is, teen 2002 nog nie geprosesseer nie. Agterstande is nie net tot Afrika beperk nie. In die Verenigde Koninkryk het die Royal Commission on Historical Manuscripts in 1999 bevind dat daar ook agterstande is. Ngulube (2002:575–576 en 582) besluit trouens: “It is evident that access to archives facilitates efficient research and the documentation of the past. The future of historical research in southern Africa will largely depend on formulating strategies that are going to facilitate access to public archival records while giving due regard to the legitimate interests of the state and individuals.”

Sela. Of wil ons aan historiese en kulturele amnesie ly?

#### Bibliografie

- Dempsey, L. 2000. Scientific, industrial and cultural heritage: A shared approach: A research framework for digital libraries, museums and archives. *Ariadne* 22, pp. 2–3. [A]. Besikbaar by: <http://www.ariadne.ac.uk/issue/22/dempsey/intro.html> <Geraadpleeg op 12 Desember 2008>.
- De Wet, H.C. 1959. Waar het Piet Uys en sy seun Dirkie geval? *Historia* 4(2), Junie, pp. 75–88.



- Du Toit, S.J. 1877. *Die geskiedenis van ons land, in die taal van ons volk*. Kaapstad: Smuts en Hofmeyr.
- Gut, C. 1977. Constitution and restitution of national archival patrimony. In: *A Report for the Seventeenth International Conference of the Round Table on Archives held in Cagliari, 5–8 October*, p. 29.
- International Council on Archives. 1985. *Directory*. Brussels: ICA.
- Langlois, C.V. & Seignobos, C. 1925. *Introduction to the study of history*. Third edition. London: Duckworth.
- Lauts, U.G. 1847. *De Kaapsche landverhuizers of Neerlands afstammelingen in Zuid-Afrika*. Leyden: H.W. Hazenberg.
- Morrow, Seán. 2002. Heritage and historically black universities (HBUs): The view from Fort Hare. *Historia* 47(2), November, pp. 446–456.
- Ngulube, Patrick. 2002. Future of the past: Access to public archives in southern Africa and challenges to historical research. *Historia* 47(2), November, pp. 562–582.
- Pirenne, Henri. 1939. *A history of Europe from the invasions to the XVI century*. London: George Allen & Unwin.
- Reitz, Deneys. 1929. *Commando*. London: Faber & Faber.
- Ritchie, Gabrielle. 2002. The culture of collecting: The National Library as a memory institution. *Historia* 47(2), November, pp. 511–530.
- Van der Vyver, J. 2001. Cultural identity as a constitutional right in South Africa. Referaat aangebied by die konferensie van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville, Desember.
- Verhoef, Grietjie. 2002. Erfeniskepping en navorsing. *Historia* 47(2), November, p. 391.